



HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

26 Maart 2021

OB: 10 / 2021

Geagte ouers

1. Lief en Leed

- Ons neem op 31 Maart afskeid van Me. H Robbertse by IT, wat op pensioen gaan. Dankie vir haar 15 jaar diens by H/S Pretoria-Noord, mag sy net vreugde enseen ervaar.
- Na onderhoude gaan die Beheerliggaam Mev. S van Aswegen aanbeveel vir aanstelling in Me. Robbertse se pos. Dankie ook vir Me. Robbertse wat bereid is om ter wille van kontinuïtet vir ons leerders weer van Mei tot September af te los tydens Mev. Van Aswegen se kraamverlof.

2. EFF eise, 24 Maart 2021

Dankie vir ons ouers en leerders se ondersteuning en optrede wat verseker het dat H/S Pretoria-Noord nie 'n kosbare skooldag verloor het nie. 'n Ontwigde skooldag was die doelwit van die ontwrigtende elemente in ons gemeenskap en daarin het hulle jammerlik misluk. Ons leerders was deurentyd veilig en kon ongestoord met hul onderrig voortgaan.

Die groepie van 16 – 20 mense het hul memorandum van eise aan die Beheerliggaam oorhandig. Ons Beheerliggaam sal op 'n toepaslike wyse reageer en u op hoogte hou.

3. Akademie

Baie geluk aan Chené van Deventer wat aangewys is as die beste presteerdeerder in Wiskundige Geletterdheid vir 2020 in die distrik.

4. Aktiwiteite buite skoolverband

Baie geluk aan Jaco Dreyer wat sy vlak 4 kursus in die Bestuur van veldbrande suksesvol voltooi het.

5. D6 Skool Kommunikeerder

Ons het hierdie jaar oorgeskakel na die D6 administratiewe program om dit vir u makliker te maak. **Skakel asseblief so vining as moontlik hierby in sodat u alle nodige kommunikasie van die skool kan ontvang, gemaklik betalings kan maak en u kind se punte en skoolwerk kan monitor.**

Opstelling (teken in of registreer)

- Laai die D6 Connect toepassing met die **swart en wit ikoon** af by die Google AppStore. Wanneer u die toepassing oop gemaak het, gaan u versoek word om u selfoon-nommer en wagwoord in te sleutel of in te teken as u 'n reeds geskepte profiel het.

- Indien u nie alreeds ‘n profiel het nie, dan gaan u as ouer sien daar is ‘n “registreeer”knoppie. U kan daarop klik en die nodige inligting verskaf. Hierna gaan u ‘n OTP verifikasiekode ontvang wat u moet insleutel. Indien suksesvol, sal u na die “boodskapmuur” geneem word.

Koppel u kind of kinders

- Klik op die drie strepies links bo om u kind se skool te kies. Klik ook op die “Koppel” knoppie om u kind as ‘n leerder aan u profiel te koppel. Kies nou die skool naam of leerder naam (verkieslik) en klik daarop. Nou kan u boodskappe van die skool ontvang.
- Kies nuus, kalender, bronne of inligting onder. Die inligting opsie gee u ‘n “leerder inligting”-opsie waarop u kan klik. Dit gee u die leerder se punte, huiswerk, dissipline, afwesighede, finansies, leerderinligting en volgelinge. Hierdie is alles opsies waarop u kan klik om dit te monitor.
- Die toepassing is streng en verifieer dat slegs kinders wat reeds aan ouers in dieselfde familiekode gekoppel is op die stelsel, aan mekaar op die profiel gekoppel kan word. ID nommers moet dus ook korrek ingelees wees op die stelsel. Dit sluit ouers se korrekte selnommers in wat die ontvangst van OTP verifikasie kodes gedurende die inteken en registrasie proses moontlik maak.

6. Bemarking: PNHS – “WOES”-aanlynvertoning, 7 Mei 2021

Die beplande Karnaval wat op 7 Mei 2021 sou plaasvind sal ongelukkig nie kan voortgaan nie as gevolg van die huidige staat van inperking.

Ons kondig egter met trots aan dat PNHS in samewerking met WOES ‘n aanlynvertoning op 7 Mei 2021 gaan aanbied.

Die aanbieders is **Hamilton Wessels en Jaco van Dyk**, die gaskunstenaar is die immergewilde **Ricus Nel** en die seremoniemeester, **Ruben Delmage** van Groot FM.

Hierdie vertoning sal op 8 verskillende aanlynplatvorms uitgesaai word vir ons ouers, leerders en vriende van PNHS. Enige iemand kan na die vertoning kyk in die gemak van hulle eie huise nie net in Suid-Afrika nie maar ook in die buiteland.

Hierdie vertoning word **gratis** aangebied en is daar dus geen kostes aan verbonde om dit te kyk nie.

U kan egter ‘n verskil maak deur deel te neem aan die **aanlynveiling** wat die aand sal plaasvind sowel as die **lootjies** wat verkoop word. Ons het reeds ‘n hele paar waardevolle pryse op die spel.

Daar is ook uitstekende bemarkingsgeleenthede beskikbaar waar besighede kan adverteer om potensieel tussen 20 000 en 40 000 kykers te bereik. Kontak gerus vir Anneke Smith (annekesmith8@gmail.com) om van hierdie gesogte advertensiespasies te bekom.

Nooi dus al u vriende en familie om op 7 Mei 2021 aan hierdie “eerste in die Noord” aanlynvertoning deel te neem en ons fondsinsamelingsprojek te ondersteun.

Gratis Aanlyn Konser:

Volg die skakel en gaan stel sommer nou al u "reminder"

<https://youtu.be/2saTQaLET8w>

Lootjie Kaartjies:

Volg die skakel om nou al u kaartjie te koop vir die gelukkige prystrekking wat aan die einde van die program plaasvind.

<http://bit.ly/3cXEjvX>

7. Leerder Ondersteuning Akademie: Noorderlig

- Noordehoekie tye: Maandae: 07H00 – 08H00
Donderdae: 07H00 – 08H00.
- Indien ‘n persoon nood het en nie in daardie tye kan kom nie, skakel met ons navraetoonbank sodat ons ‘n afspraak kan maak met tannie Antoinette om u te help.
- Indien daar nog ouers is wat wil deel word van die omgee-groep kan u gerus ‘n e-pos aan ons voorstuur stuur by: tanya@tanyadans.co.za
- Ondersteun asb ons saaidag tot en met 23 April 2021.

8. Beheerliggaam-verkiesing, 6 April 2021

Dankie vir almal wat deelgeneem het. Ons kon al ons verkiesings afhandel behalwe ons ouer verteenwoordigers synde ons nie ‘n kworum van 15% gehad het vir die verkiesing nie.

³
Baie geluk aan:

- Mev. A Smith, Mn. R Marais en Mev. G Prins wat verkies is as onderwyserlede tot die Beheerliggaam.
- Me. H Taljaard wat verkies is as ondersteunende personeel verteenwoordiger tot die Beheerliggaam.
- Elkhane van Wyk, Alexa Farrel en Wian Snyman is verkies as leerder verteenwoordigers tot die Beheerliggaam.

Aangesien ons nie die vereiste kworum vir die ouerverkiesing kon kry nie sal die opvolgverkiesing sonder ‘n kworum op 6 April 2021 om 18H00 in die skoolsaal plaasvind. 9 van die genomineerde ouers sal dan tot die Beheerliggaam verkies word.

Die volgende ouers is genomineer vir verkiesing tot die Beheerliggaam:

BEHEERLIGGAAM KANDIDATE

	NAAM EN VAN	KIND/ERS	BIO	
1	Corné Botha	Etienne Botha (Gr. 8)	Beroep: Besigheidseienaar Vaardighede: Bestuur, organisering, beplanning en finansies Visie: Kwaliteit onderrig en om seker te maak dat elke leerder gelukkig is by PNHS	
2	Tanya Breytenbach	Ulrich Breytenbach (Gr. 8) en Marnique Breytenbach (Gr. 9)	Beroep: Professionele dansafriger Vaardighede: BComm- LLB, Honeurs - Ondernemingsbestuur, Gevorderde sertifikaat in Kinderreg Missie: Bes moontlike onderrig vir ons kinders. Om 'n veilige omgewing te skep vir die leerders. Morele waardes te kweek by die kinders en om hulle voor te berei vir die toekoms.	

3	Hendrik Bronkhorst	Xander Bronkhorst (Gr. 11)	<p>Beroep: Kredietbestuurder by n finansiële instelling.</p> <p>Vaardighede: Dien tans vir 2 jaar op PNHS se BL en was deel van die Finansiële komitee asook die Akademie vir Leerderprestasies. Deel van die FINKOM</p> <p>Visie: Bou voort op die reeds gevestigde visie van die skool : Uitnemendheid op alle gebiede.</p>	
4	Chrissie de Beer	Chrissie de Beer (Gr. 12) en Chrilize de Beer (Gr. 8)	<p>Beroep: Direkteur by TC Balustrading cc.</p> <p>Vaardighede: Doen admin, bemarking, kwotasies en installasies. Afriger in spiesgooi, hoogspring, sagtebal en meisies sewes rugby. Help tans by PNHS se Noordehoekie. 3 Jaar op H/S Gerrit Martiz se BL gedien.</p> <p>Visie: Om hande te vat en die skool na hoogtes te reik.</p>	
5	Marthie Engelbrecht	Marioné Engelbrecht (Gr. 8)	<p>Beroep: Arbeidsregkonsultant van eie firma</p> <p>Vaardighede: Vertroud met dissipline area van skole en uitdagings wat skole ervaar met huidige ekonomiese toestande. Werk nou saam met FEDSAS en SOS. 10 Jaar betrokke by L/S Danie Malan se BL en was vir 2 termyne die voorsteerter.</p> <p>Missie: Om die skoalgemeenskap te dien op 'n onbaatsugtige wyse en by te dra tot die goeie naam van PNHS. Wil PNHS na verdere hoogtes neem op alle vlakke. Opbou, uitbrei en ondersteun.</p>	
6	Frik Janse van Rensburg	Anouk JvRensburg (Gr. 10) en Dérik JvRensburg (Gr. 12)	<p>Beroep: Besigheidseiernaar, Boukontrakteur</p> <p>Vaardighede: Instandhouding, beveiliging, bestuur en koste berekening van projekte. Deeglike kennis van die rol en werking van 'n skool se BL. Het 6 jaar gedien op L/S Theresapark se BL. Dien afgelope 3 jaar op PNHS se BL op die Veiligheid en Sekerheidskomitee asook op die Geboue en terrein komitee.</p> <p>Missie: Om PNHS op te bou tot die skool van uitnemendheid op alle gebiede. Om 'n positiewe bydrae te lever en so 'n verskil te maak vir beide onderwysers en leerders.</p>	
7	David Pieterse	Davie Pieterse (Gr. 8)	<p>Beroep: Operasionele Bestuurder by Detacentrix Pty LTD</p> <p>Vaardighede: Verstaan die belangrikheid daarvan om prosesse in plek te stel rakende kritiese aspekte rakende 'n skool se beleide en besluitnemings.</p> <p>Missie en visie: Om deel te wees van 'n bestuurspan wat slegs uitnemendheid in oog het, en 'n bydrae te lever om PNHS as die beste Afrikaanse skool in Pretoria te vestig. PNHS moet gesien word as skool met Christen-waardes, wat floreer op akademiese-, kulturele- en sportgebied wat 'n toonbeeld sal wees, nie net vir skole in Pretoria of Gauteng nie, maar landwyd.</p>	

8	Hannes Roets	Cathleen Roents (Gr. 10) en Kayla Roets (Gr. 11)	<p>Beroep: Geoktrooieerde Rekenmeester</p> <p>Vaardighede: Help om gemeenskap te onderhou en te help groei. Het 3 jaar gedien op BL van L/S Voortrekker Eeufees (finansies). Het afgelope 3 jaar gedien op die BL van PNHS (Voorraad en Toerusting)</p> <p>Visie: Om PNHS 'n Afrikaans sprekende Christelike skool te hou en te ontwikkel in een van die skole van keuse in die groter Pretoria area.</p>	
9	Sean Samons	Christelle Samons (Gr. 12)	<p>Beroep: Senior bestuurder van pensioen- en voorsorgfondse by Sanlam Korporatief.</p> <p>Vaardighede: Gekwalifiseerde Geoktrooieerde Hoofbeampte en het 'n Nasionale Diploma in Bemarking. Het ook verskeie LLB vakke voltooi. Dien die laaste 6 jaar op PNHS se BL (2 jaar as Tesourier en 4 jaar as Voorsitter) Dien ook as Voorsitter van die Leiersakademie, Voorsitter van die Uitvoerende Komitee en dien op die Finansiële Komitee. Dien sedert Januarie 2017 op FEDSAS se strukture - laaste 3 jaar as Voorsitter van Gauteng se Proviniale Raad. Dien ook op FEDSAS se Nasionale Raad. Voorsitter van FEDSAS se Menslike Hulpbronne Komitee.</p> <p>Visie: Om die skool en sy gemeenskap te dien deur goeie korporatiewe bestuur in die skool te bevorder en om alles moontlik te doen om PNHS as 'n Afrikaanse en Christelike skool te behou met kwaliteit onderrig.</p>	
10	Lourens Scholtz	Hesmari Scholtz (Gr. 11)	<p>Beroep: Tandarts</p> <p>Vaardighede: • Dien die afgelope 4 jaar as Voorsitter van PNHS se Finansiële komitee. • Bestuur eie praktyk met personeel. • Finansiële bestuur wat doelgerig en volhoubaar is vir die skool • Gedissiplineerd, strategiese beplanner en stiptelik • Georganiseerd, sterk leier, baie deeglik en eerlik • Is n trotse PNHS ouer</p> <p>Missie en visie: Wil graag help om 'n omgewing te skep waar ons kinders se maksimale potensiaal ontsien word op alle terreine, deur die onderwyser en skoolbestuur te ondersteun waar nodig, en so in die breë by te dra tot die instandhouding en verbetering van ons gemeenskap. Dit alles word gegrond en gevorm deur Christelike beginnels en leefwyse – leef deur jou voorbeeld en wees trots op wie jy is, en vanwaar jy kom!</p>	

8. Paasnaweek 2 – 5 April 2021

Neem asseblief kennis dat die skool op Donderdag, 1 April 2021, wel om 12H00 sal uitkom (Dit is nie 'n "April-gek-grap" nie!). Ons besef dat baie van ons ouers reelings vir hierdie naweek getref het.

9. Program vir die week

- | | |
|---------------------|--|
| Vrydag, 26 Maart: | * Toetsdag.
* Graad 8 – 12 groep A, dag 3. |
| Saterdag, 27 Maart: | * Graad 12: Afrikaans mondeling eksamen, 08H00, K.19. |
| Maandag, 29 Maart: | * Toetsdag.
* Graad 8 – 12 groep B, dag 3.
* Kultuur Akademievergadering, 17H30, saal. (Alle belangstellende ouers welkom) |
| Dinsdag, 30 Maart: | * Toetsdag.
* Graad 8 – 12, groep A, dag 4.
* Finansiële Komiteevergadering, 17H 15, personeelkamer.
* Beheerliggaam Uitvoerende Komiteevergadering, 19H00, personeelkamer. |
| Woensdag, 31 Maart: | * Toetsdag
* Graad 8 – 12 groep B, dag 4.
* Interne Vaspvrae, 15H15 – 15H30, k19 – K 24
* Laerskoolbemarking leerderinoefening, 15H00 – 16H00, K 81. |
| Donderdag, 1 April: | * Toetsdag
* Graad 8 – 12 groep A, dag 5
* Skool sluit om 12H00 |
| Vrydag, 2 April: | * Vakansiedag: Goeie Vrydag. |
| Maandag, 5 April | * Vakansiedag |
| Dinsdag, 6 April | * Graad 8 – 12 groep B, dag 5
* Beheerliggaamverkiesing, 18H00, saal. |

Vriendelike Groete

Mnr. CJC Driescher
Hoof



CJC Driescher
Hoof

7 MEI 2021
18:30



WOES



Koop 'n kaartjie en WEN: www.tixsa.co.za

**RICUS
NEL**